

Riglyne vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Dekaansvergunningeksamen (DVE)

- Ten einde vir die DVE te kwalifiseer, moet jy as 'n voorgraadse finalejaarstudent geregistreer wees in 2022.
- Ander fakulteite se finalejaarstudente wat EBW-modules volg, moet die DVE-riglyne nagaan wat van toepassing is in jou spesifieke fakulteit.

Binne die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe geld die volgende reëls vir die Dekaansvergunningeksamen (DVE):

- 'n Dekaansvergunningeksamen kan vir een enkele module toegestaan word, slegs indien dit die enigste module van is wat die student kort om te gradueer.
- 'n Finale gemiddelde punt van minstens 30 in die betrokke module verwerf is en die module maksimum 48 krediete is.
- Jy kan slegs 'n maksimum van 50% finale punt toegeken word met die DVE.
- Studente wat vir programme in die Fakulteit Lettere, asook Fakulteit Regte geregistreer is, moet egter die reëls van die Dekaansvergunningeksamen (DVE) van daardie fakulteit volg.
- Alle Dekaansvergunningeksamens word tydens 'n enkele eksamengeleentheid op **27 Januarie 2023** afgelê en geen verdere eksamen-vraestelle sal vir die doel van 'n Dekaansvergunningeksamen opgestel word nie.
- Die eksamen sal plaasvind in die lesingslokale van die Van der Sterr en Schumann gebou. Die spesifieke lokaal sal binnekort gekommunikeer word op die webblad van die fakulteit – www.sun.ac.za/ems. Jy kan ook die lokaal bevestig die dag van die eksamen in die voorportaal van die Schumann gebou. Maak asb. Seker dat jy 30 minute voor die tyd aanmeld by die lokaal op die dag van die eksamen.
- Kontroleer jou uitslae na afloop van die November-assesserings en, indien jy wel kwalifiseer, onthou asseblief om so gou moontlik vir die DVE vir tweede semester modules te registreer.
- Registreer elektronies vir die DVE via die DVE-registrasieskakel teen **12 Januarie 2023**.

Skakel: <https://forms.office.com/r/AC21f3We0B>

Let wel: Selfs al voldoen jy aan die vereistes vir die Dekaansvergunningeksamen (DVE), móet jy daarvoor registreer. Indien jy nie die registrasieprosedure volg nie, sal ons nie doeltreffende voorbereidings vir die aflê van die DVE kan tref nie.

Indien verdere inligting verlang word, kan Me L Delport gekontak word op laurend@sun.ac.za